

AFDELING A : INLEIDEND

Hoofstuk I

P R O B L E E M S T E L L I N G

1. Inleiding

Die onderwerp van die studie is die praktiese opleiding van die onderwyser. Die taak van die praktiese opleiding van onderwysers is 'n komplekse aangeleentheid met 'n verskeidenheid fasette. Die praktiese opleiding moet gesien word as slegs 'n onderdeel van die breë program om die onderwyser vir sy beroep voor te berei. As sodanig het hierdie faset van die opleiding dan geen ander oogmerke nie as om by te dra tot die vorming van die onderwyser sodat hy ten volle toegerus sal wees vir sy taak.

Maar alhoewel die praktiese opleiding slegs 'n faset van die onderwyser se opleiding verteenwoordig, vul dit 'n sleutelposisie in die globale opleidingsprogram. Hier, in die praktyk, kulmineer alle fasette van die opleiding. Die praktyk kan dan ook as die toetsterrein beskou word, waar die mate van sukses van die onderwyser se opleiding gedeeltelik bepaal kan word. Om dus die sukses van die opleiding en die moontlike leemtes en gebreke te bepaal, moet na die praktyk en na die deelnemers aan die praktyk gegaan word.

Vir alle belanghebbendes by die praktiese opleiding van die aspirant-onderwyser, te wete dosente aan

opleidingsinrigtings, onderwysers by die skole wat studente vir hulle praktiese opleiding ontvang en die studente self, is die saak van die opleiding van die aspirant-onderwyser in en vir die praktyk 'n aangeleentheid waaroor daar seker altyd geredeneer en ook grootliks verskil sal word.

In tydskrifte en ander geskrifte wat oor onderwysersopleiding handel, neem die praktiese opleiding 'n belangrike plek in. In die afgelope jare is talre werke deur verskillende oorsese deskundiges oor die onderwerp gelewer. Daar is talryke uitsprake wat beklemtoon dat die praktiese opleiding van onderwysers aanvaar word as een van die noodsaaklike onderdele van die onderwyser se voorbereiding; daar is egter ook min fasette van die opleiding wat so 'n verskeidenheid probleme het. Daar is byvoorbeeld amper geen twee persone wat ^d ^A ^g ^e ⁿ ^e ^r ^s dink oor hoe die praktiese opleiding en veral die oefenonderwys in die skole georganiseer moet word nie. Dit is ook te betwyfel of daar ooit eenstemmigheid hieroor sal wees. So byvoorbeeld, verklaar Strickler dat in Amerika, waar ongeveer 1200 inrigtings onderwysers oplei, daar omtrent net soveel verskillende stelsels is waarvolgens studente hulle praktiese opleiding ontvang en dat hulle ook nie eenvormigheid verlang nie maar wel standaard en gehalte van praktiese opleiding voorop stel¹⁾.

1) Strickler, R.W.: The student of teaching: A concept and a concern. The journal of teacher education, 17, 4: p. 427, 1966.

2. Tipiese probleme in verband met die praktiese opleiding in enkele Westerse lande

Probleme rondom die saak van die praktiese opleiding van onderwysers is geen nuwe verskynsel nie. In 1904 het daar al 'n bydrae van die Amerikaner John Dewey verskyn oor die verband tussen die teoretiese en praktiese opleiding¹⁾ en nog steeds bly hierdie aspek in die meeste onderwyskringe 'n saak vol probleme van uiteenlopende aard.

Die volgende aanhalings verteenwoordigend van westerse lande, illustreer die uiteenlopende aard van die knelpunte en strydvrage.

Die Amerikaner L.O. Andrews skryf in 'n onlangse werk soos volg oor die groot verskil in gehalte van praktiese opleiding wat studente by die oefenskole ontvang: „Nowhere are the vast extremes between excellence and inadequacy in student teaching more striking and more shocking than in the dimension of quality. Some student teachers have a skilfully guided growth experience which leads them to an artistic and professionally effective performance in directing learning, while others have a continuously frustrating, emotionally disturbing experience during which they receive little positive direction or assistance, and may in fact learn unwise

1) Dewey, J.: The relation of theory to practice in education. (In Third Yearbook of the national society for the scientific study of education.)

and professionally unsound procedures. Anually thousands of student teachers find themselves assigned under teachers who hold ideas quite at variance with those taught in their college courses, and sometimes these teachers are guilty of serious breaches of professional ethics"1).

'n Ander probleem word deur die Nederlandse opvoedkundige, P. Post geïllustreer as hy beskryf hoe hy tydens mondelinge eksamens die studente oor nuwere onderrigmetodieke ondervra: „Ik het nagenoeg elke kandidaat de vraag gesteld ‚Hebt U deze werkwijzen ook in de praktijk meegemaakt?’ En steeds werd ontkennend geantwoord. Ik kwam tot de ontstellende ontdekking, dat er niet het minste verband bestond tussen de theoretische vorming en de kennismaking met de praktijk in de leer- of oefenscholen, omdat de personeel van die scholen de platgetreden paden der traditie verkozen boven de wellicht voor hen wat moeilijker begaanbare nieuwe wegen"2).

Die laaste aanhaling kom uit die Britse tydskrif New Education. „... is this not the right time for a radical review of teaching practice? Is it long enough, either in total or in each individual period? Is there a strong enough relationship between the lectures in college and the realities of teaching?

1) Andrews, L.O.: Student teaching, p. 7.

2) Post, P.: De moderne onderwijzersopleiding. Paedagogische Studiën, 1: p. 20, Ja. 1963.

Are the schools using the students properly within the periods of practice? Finally, have we achieved the right relationship between the schools and the colleges and the teachers and lecturers within them? Could not the school take far more responsibility for the students during teaching practice and relieve to some extent the shortage of good teachers which massive recruitment into the colleges is beginning to produce?"¹⁾

Die drie aanhalings klink vir die persoon wat hier in ons land en meer spesifiek in Transvaal met onderwysersopleiding te doen het, so bekend dat dit ewe goed as verslae oor plaaslike toestande kan deurgaen.

3. Die plaaslike probleem

Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, was onderwysersopleiding al die onderwerp van heelwat navorsings- en ander geskrifte. Die aspek van die praktiese opleiding het egter hoogstens terloopse of gedeeltelike aandag geniet in slegs 'n paar navorsings. In hoofstukke V tot VII sal hierop ingegaan word.

Probleme soortgelyk aan die in die aangehaalde gedeeltes in 2 hierbo en nog vele ander wat gereeld na vore gekom het in onderhandelings en samesprekings met dosente, studente en onderwysers, het die behoef-

1) Lyon, I. (Red.): Can we really teach teaching? New Education, 3, 3: p. 6, 1967.

te wat daar bestaan vir 'n omvattende ondersoek na al die aspekte van die praktiese opleiding van onderwysers, versterk.

Met die doel om 'n voorlopige aanduiding van die plaaslike probleme te kry en om idees in verband met 'n ondersoek te kontroleer, is gevolglik 'n versoek aan alle afstuderende studente van 'n sekere onderwyskollege gerig om na afloop van hulle laaste tydperk van oefenonderwys in Augustus 1966 hulle vernaamste indrukke van die stelsel en die praktyk van oefenonderwys soos hulle dit leer ken het, kortliks op skrif te stel. Die rede waarom die studente nie van 'n vraelys voorsien is nie, was om hulle spontane reaksie te verkry en sodoende die aspekte wat hulle die meeste gehinder, opgeval of bewonder het, na vore te bring.

Hierdie voorlopige opname het heelwat interessante en belangrike kommentaar uitgelok, waarvan later goed gebruik gemaak is in die opstelling van vraelyste.

Die volgende aanhalings is 'n paar tipiese voorbeelde van die soort en die groot verskeidenheid kommentaar. Ongunstige opmerkings was onder andere die volgende: „Die proefonderwystydperk is een lang vakansie, met so 'n bietjie werk tussenin as kritieklesse voorberei moet word.“ „Proefonderwys is 'n klug, 'n mors van tyd en ver verwyder van die werklikheid.“ „Kritieklesse is nutteloos as gevolg van die gespanne en onnatuurlike atmosfeer

en die onnodige 'window-dressing' net om die dosent te behaag." „Onderwysers en dosente praat nie uit dieselfde mond nie, want wat die een goedpraat, verdoem die ander dikwels." „Dosente verskil onderling in wat hulle van jou verwag sodat dit 'n mens grootliks verwar." „By die hoërskole het ons soos buitestaanders, indringers en lasposte gevoel; die onderwysers gebruik 'n mens net om hulle vuil werk te doen; party onderwysers was vir my 'n voorbeeld van hoe om nie skool te hou nie."

In teenstelling met bogenoemde ongunstige opmerkings, skets die gunstige kommentaar 'n totaal ander prentjie. Tipiese voorbeelde hiervan is die volgende: „Die mooi gesindheid, wedersydse liefde en respek tussen die hoof en sy personeel en tussen die onderwysers en leerlinge was opvallend." „... die laaste drie weke was 'n opwindende en inspirende ervaring." „...die swak woonbuurt en armoedige skool het in 'n sprokiesland verander met die belangstelling en entoesiasme van die onderwyser." „Dit was 'n onvergeetlike ondervinding om te sien hoe die kinders eenvoudig alles vir hulle onderwyser doen omdat hy hulle met liefde en respek behandel; ek het dikwels oorweeg om my kursus te staak, maar dan het die proefonderwys my telkens nuwe moed gegee." „Proefonderwys het my finaal oortuig dat ek niks anders in die lewe wil doen nie." „Proefonderwys het vir my meer beteken as al my teoretiese opleiding."

Studente se wenke het ewe-eens 'n groot verskeidenheid aspekte gedek. Die volgende wenke het

dikwels voorgekom: „Proefonderwys behoort oor langer tydperke te strek want dit neem 'n mens drie of vier weke om op stryk te kom." „Ons behoort baie harder te werk en meer verantwoordelikheid te dra..." „ „Hoekom kan studente nie soms goeie kritieklesse by die kollege voor die studente herhaal nie?." „...ek sou graag baie meer demonstrasielesse deur dosente by die skole en by die kollege wou bywoon."

Sonder om die bogenoemde aanhalings in besonderhede te probeer ontleed, is dit egter opvallend dat die ongunstige kommentaar grootliks oor die praktiese en organisatoriese aspekte van die oefenonderwysstelsel handel, terwyl dit meer die skoolatmosfeer, menslike verhoudings en onderwystoestande by die skole is wat die studente gunstig beïndruk het.

Alhoewel hierdie mening-opname slegs 'n baie oppervlakkige en onvolledige aanduiding van die menings van studente van een onderwysers-opleidingsinrigting verteenwoordig, is die kommentare van so 'n interessante verskeidenheid en sommige so veelseggend, dat dit groot waarde gehad het in die latere beplanning van die empiriese ondersoek vir hierdie studie.

Tydens die bogenoemde mening-opname, maar ook by talle ander geleenthede, is die saak van die praktiese opleiding van onderwysstudente met dosente en onderwysers op 'n meer informele wyse bespreek, veral na aanleiding van situasies wat in die praktyk opgeduik het en ook na aanleiding van soortgelyke besprekings en verslae in opvoedkundige tydskrifte en ander

werke wat oor die saak handel.

4. Doel en beplanning van hierdie studie

Te oordeel aan die aspekte waarna in die voorgaande bladsye verwys is, is die probleme ten opsigte van die praktiese opleiding van onderwysstudente van so 'n aard dat dit verdere studie en navorsing regverdig. Die onderhawige studie is dan 'n poging om 'n bydrae te lewer tot 'n beter begrip van die problematiek van die praktiese opleiding van onderwysers en om moontlike wenke ter verbetering aan die hand te doen. 'n Verdere doelstelling is om langs hierdie weg ook mee te werk aan die verbetering van onderwysersopleiding in sy breë opset en om sodoende ook by te dra tot die verbetering van die onderwys.

Die werk is in drie afdelings ingedeel.

(1) Afdeling A vorm die inleidende afdeling en bevat hoofstukke I tot IV.

In hoofstuk I word die probleem gestel en kortliks aangedui om watter redes 'n indringender studie van die onderwerp nodig is.

Hoofstuk II word gewy aan 'n besinning oor die doelstellings met die onderwys en op grond van die geformuleerde doelstellings word dan oorgegaan tot 'n formulering van doelstellings met onderwysersopleiding.¹⁾

1) Vir motivering waarom hierdie studie 'n besinning oor doelstellings vereis, kyk hfst. II, pp.

Hoofstuk III is 'n voortvloeiing uit hoofstuk II. Met die doelstellings van onderwysersopleiding as uitgangspunt, word die aspek van die praktiese opleiding by onderwysersopleiding hier ontleed. Eerstens word die terrein van die praktiese opleiding omskryf en terminologieë in die verband ontleed. Tweedens word beginsels waarop praktiese opleiding berus, geformuleer en laastens word doelstellings met die praktiese opleiding van onderwysers aangebied.

Vervolgens word in hoofstuk IV die praktiese opleiding van onderwysers in enkele westerse lande saaklik ontleed. Die doel van hierdie opname is nie om 'n intensiewe studie van die betrokke stelsels te maak nie. Dit dien slegs as gedeeltelike agtergrond waarteen die eie empiriese navorsing gesien moet word.

(2) Afdeling B bied 'n historiese oorsig van die praktiese opleiding van onderwysers in Suid-Afrika, met spesiale klem op die opleiding in Transvaal. Hierdie oorsig word ingedeel in drie hoofstukke.

In hoofstuk V word die praktiese opleiding in Kaapland behandel terwyl hoofstuk VI 'n saaklike oorsig van die ontwikkelings in Natal en die O.V.S. bied. In hoofstuk VII word 'n breedvoeriger ondersoek ingestel na die praktiese opleiding van onderwysers in Transvaal, veral ten opsigte van die provinsiale onderwyskolleges.

(3) Afdeling C word gewy aan 'n empiriese ondersoek na die praktiese opleiding van onderwysers in

Transvaal.

Om op hoogte van die posisie te kom, was dit nodig om 'n volledige opname van al die relevante gegewens en menings oor die onderwerp te maak. Daar is gevolglik gesoek na die beste metode om die verlangde gegewens te versamel. Ten tye van die ondersoek was daar in Transvaal tien verskillende inrigtings wat uitsluitlik of onder andere gemoeid was met die opleiding van onderwysers vir laer- en middelbare skole.¹⁾

Verder was etlike honderde Transvaalse skole aktief gemoeid met die praktiese opleiding van onderwysstudente.²⁾

Die instansies wat aktief betrokke is by die praktiese opleiding van onderwysers en by wie gegewens versamel sou moes word, was die dosente en studente van die betrokke opleidingsinrigtings en die hoofde en onderwysers van die skole wat studente vir praktiese opleiding ontvang.

Om die verlangde gegewens van so 'n groot getal betrokkenes wat so wyd verspreid was, te versamel, moes 'n navorsingsinstrument gekies word wat aan hierdie doel kon beantwoord. Die enigste doeltreffende metode vir die versameling van 'n groot verskeidenheid en hoeveelheid gegewens, is die vraelys.

1) Kyk hfst. VIII, p. 184

2) Kyk hfst. VIII, p. 188

Gevolglik is op hierdie metode besluit.

Aangesien daar gegewens van vier verskillende instansies, te wete dosente en studente van opleidingsinrigtings en skoolhoofde en onderwysers van die meewerkende skole verkry moes word, is vervolgens besluit om vier verskillende vraelyste op te stel. Die onderhawige empiriese ondersoek berus gevolglik op die verwerking van die gegewens verkry uit die antwoorde op die vier vraelyste.

Afdeling C bevat ses hoofstukke. In hoofstuk VIII word die wyse waarop die ondersoek beplan en uitgevoer en die verkreë gegewens versamel en verwerk is, beskryf.

Hoofstukke IX tot XII verteenwoordig die resultate van die ondersoek, soos verkry uit die verwerking en interpretering van die verskillende vraelysgegewens. Hoofstuk IX beskryf die resultate van die ondersoek uitgevoer by studente van die verskillende opleidingsinrigtings, hoofstuk X dié van die ondersoek by dosente van dieselfde inrigtings, terwyl die ondersoek uitgevoer by skoolhoofde en onderwysers respektiewelik in hoofstukke XI en XII behandel word.

Hoofstuk XIII bevat eerstens 'n samevatting en kritiese ontleding van die vernaamste bevindings en gevolgtrekkings van die hele ondersoek in die lig van die geformuleerde doelstellings met die praktiese opleiding van onderwysers. Tweedens en ten slotte word sekere aanbevelings ten opsigte van die praktiese opleiding van onderwysers aangebied.